# EMILY FERN, DIE EERSTE JOHANNESBURGOPGELEIDE KUNSTENARES*

## I

*Biografie en Katalogus van Stillewens en Portrette*

Indien daar een van ons vroeë Johannesburgse kunstenaresse is wat dit verdien om onthou te word, dan is dit Emily Fern. Gedurende die eerste jare van die kunslewe in Johannesburg, het sy 'n leidende rol gespeel en vir verskeie kunstenaars, was sy 'n leermeesteres vol begrip en inspirasie.

Emily Isabel Fern is op 23 Augustus 1881 in Ballarat, Australië, gebore. Haar ouers het oorspronklik van die eiland Man, in die Ierse See, gekom en na Australië verhuis om daar vir goud te gaan prospekteer. Blykbaar was hulle nie baie gelukkig daar nie, want toe Emily sewe jaar oud was, kom die familie na die Rand waar haar vader 'n mynbestuurder by *May Consolidated Mines* en mynpionier van die *General Mining Co.* word.

In daardie dae was daar maar min skole op die Rand, gevolglik het Emily weinig opleiding gehad. Dit was 'n suster van die Endstraatse Kloosterskool wat die elfjarige Emily se eerste stappe in die kunswêreld gelei het, deur haar met olieverf vertroud te maak. Nadat Emily in standerd ses geslaag het, het haar skoolopleiding geëindig en moes sy met die huislike pligte help. Slegs af en toe was daar geleentheid om te teken en te skilder en by sulke geleenthede moes lede van die familie as modelle diens doen.

Gedurende die Tweede Vryheidsoorlog, het die familie in Port Elizabeth gewoon, waar Emily kunsklasse by mnr. Leslie aan die Tegniese Kollege gevolg het. Haar pogings was blykbaar baie suksesvol, want sy het daar 'n goue en twee silwer medaljes verower. Na 'n besoek in 1904 aan hul geboorte-eiland, het die familie na Johannesburg teruggekeer.

Alhoewel haar konserwatiewe familie teen 'n kunstenaarsloopbaan gekant was, het Emily tog besluit om haar gekose rigting te volg, veral ná die sukses in Port Elizabeth. Sy het met privaatlesse by Smithard begin. Smithard was 'n Engelse kunstenaar wat lank in Engeland en die Vasteland van Europa gestudeer het en vanaf 1901 eers in Kaapstad en later in Johannesburg geskilder het. Deurdat Emily veral houtskoolwerk in Port Elizabeth geleer het, het hy haar waarskynlik o.a. geleer om met pastel te werk. Enkele oulike portretstudies in albei media, is nog in familiebesit.

*Die redaksie van *Historia* het toegestem om van tyd tot tyd plek beskikbaar te stel vir die publikasie van navorsing wat onder toesig van die Departement Kunsgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria, verrig word. Hier volg die eerste van twee artikels oor Emily Fern. Die navorsing hiervan is gedoen vanaf 1960 tot 1962 en het oor die hele Republiek van Suid-Afrika gestrek. — Red.

Smithard het 'n blywende invloed op Emily se werkmetodes nagelaat. Hy het gedurende sy lewe baie geëksperimenteer en kon nooit volgens een vaste patroon bly werk nie. By Emily vind 'n mens dieselfde neiging, waardeur haar werk partymaal onseker word en soms selfs van 'n baie swak gehalte is.



*Selfportret van die kunstenares (Katalogus nr. 177)*

Toe in 1910 die idee ontstaan om vir Johannesburg 'n kunsversameling op te bou, is ook 'n behoefte aan 'n kunsskool gevoel. Hieruit het die *Johannesburg School of Art* ontstaan, en in 1913, is die *Johannesburg School of Art Club* deur mev. Pickering, 'n dosent van die skool, in die lewe geroep. Lady Phillips, 'n bekende figuur in die kunswêreld van dié dae, was presidente; onderpresident was F. Emley en ere-sekretaresse, Emily Fern. Uit haar aantekeninge van die verrigtings weet ons noukeurig hoe die klub gefunksioneer het. Weens 'n gebrek aan fondse en werksruimte, het die skool en die klub nie lank voortbestaan nie.

Gedurende die laaste jare van die Eerste Wêreldoorlog, is weer 'n ander klub gestig, wat 'n algemene bekendheid onder die naam van *Sketch Club* verwerf het. Dit is deur mej. Ordbrown in die lewe geroep, wat later bygestaan is deur, eers Lezard en daarna Amshewitz. Hierdie klub

het uit 'n aantal jongmense bestaan, wat op die laaste Vrydag van elke maand bymekaar gekom het, eers in die *Tin Temple* en later in die *Dome* van die Cuthbertsgebou, die studio van Amshewitz. Ook Emily was lid van hierdie klub.

Dit was in hierdie tyd dat sy 'n portret van haar vader geskilder het, wat waarskynlik haar beste werk uit hierdie periode is.

Hierdie jare was maar moeilik vir Emily, want sy moes in haar eie onderhoud voorsien, terwyl sy nie juis iets uit haar skilderwerk verdien het nie. Sy het egter bevriend geraak met mev. Allport, wat 'n wye kennis van en vaardigheid in die toegepaste kunste gehad het, veral ten opsigte van leer- en koperwerk. Saam het hulle die *Protea Studio* gestig, waar hulle dan ook menige opdragte uitgevoer en uitstallings gehou het.

Emily was egter nie gelukkig nie. Nog altyd het die so nodige professionele opleiding by haar ontbreek. Eers in 1920 kon sy na Engeland gaan, waar sy toe vir 'n kursus by die *Slade Kunsskool* ingeskryf het. Dit het egter nie sonder moeite gegaan nie, want die skool was reeds vol met teruggekeerde soldate uit die Eerste Wêreldoorlog, wat besig was om hul onderbroke studies te voltooi.

Vir twee jaar lank het Emily voltyds haar aandag aan haar werk bestee. Gedurende die somervakansie, d.w.s. van Junie tot Oktober, het die studente groepe gevorm om op die Europese Kontinent of die Britse Eilande gaan skets. Emily is saam met 'n groep na Cornwall, wie se voorgeskrewe onderwerp, *Rebecca by die put* was. Na die vakansie moes hierdie onderwerp vir kritiek voorgelê word. Die medium was olieverf en die grootte drie by vier voet. Professor Tonks, direkteur van die skool in daardie dae, moes dan na die vakansie al tagtig *Rebecca's* kritiseer.

Aan hierdie skool het sy die *Royal Drawing Art Teacher's Certificate* en nog 'n sertifikaat vir verf en teken na die lewe behaal. Verder het sy ook van Emanuel en Robins onderrig in die etstegniek ontvang.

Terug in Suid-Afrika het sy in alle erns begin werk. Elke jaar het sy op die *South African Academy* uitgestal en reise na Durban onderneem om alles te teken, skilder en te skets wat sy maar kon vind. Terselfdertyd het sy Mary Packer leer ken, en ontstaan sodoende 'n lewenslange vriendskap. Saam het hulle ook die *Friday Club* besoek. Hierdie klub, wat aan die begin van die twintiger jare gestig is, was 'n opvolger van die *Sketch Club*. Gedurende Mary se vakansies, sy was toe as kunskritikus en joernaliste aan *The Star* verbonde, het hulle reise na die Kaap en Natal onderneem. Dit was op hierdie reise dat sy haar belangstelling vir blomme in 'n sketsboek begin vaslê het. Hierdie sketsboek is tot vandag toe 'n merkwaardigheid en dit moes haar in haar laaste jare ten opsigte van haar olieverfstudies, baie gehelp het.

Toe die Kunsskool aan die Tegniese Kollege in Johannesburg gestig is, het Emily 'n personeellid geword. Die sertifikate wat sy in Engeland verwerf het, het haar gekwalifiseer om te kan lesgee. Tog was sy nie gelukkig nie, omdat sy 'n sterk behoefte aan verdere studie bly voel het.

In 1933 het sy dus besluit om na Parys te gaan. Hier het sy in die ateljee van André L'Hote gewerk, en blykbaar die nodige leiding gevind, want in 1949 het sy weer eens na haar ou meester vir verdere onderrig teruggekeer.

Gedurende haar verblyf in Parys het sy op die *Salon des Tuileries* en *Le Salon de Paris* uitgestal Hier in Parys het sy ook kennis gemaak met die werk van Matisse en Picasso. Die bewondering vir die werk van die groot kunstenaars, word in haar werk van dié tyd gereflekteer. Nadat sy na Suid-Afrika teruggeker het, het haar skildertegniek baie verander, en oor die algemeen verbeter. Die verf word met meer lewendige toetse aangesit, en die tekstuur van die verf speel nou 'n belangrike rol in haar werk. Vlakke word lewendiger in vormafwisseling en die geheel het 'n groot verandering ten beste ondergaan.



Lede van die *Friday Club*: Simon Hodge, Sadie Herzberg, Kenneth Gardiner, Margaret Lomis, Enid Pomeroy, Billy Stayt, Bert Perring, W. N. Stanford, Ynne Visick (Mrs. Henderson), Emily Fern, Ivan Lennard.

Die Tweede Wêreldoorlog het haar verhinder om 'n verdere studiereis oorsee te onderneem. Eers in 1949 het sy weer Europa besoek, en toe nog enige onderrig by André L'Hote ontvang.

Haar werk van hierdie laaste jare tot haar heengaan in 1953, toon 'n groot verbetering in die verspreiding van die kleur oor die hele oppervlakte en die afwerking van die agtergrond op haar skilderye. In dié opsig het haar liggaamlike ongesteldheid ook sy invloed laat geld, want sy kon nie meer so maklik beweeg nie en moes noodgedwonge skilder wat sy in haar ateljee voorhande gehad het. Party van haar mooiste stukke is uit hierdie tyd afkomstig.

Haar afsterwe op 6 Mei 1953, moes vir baie Johannesburgers, wat haar

persoonlik en deur haar werk geken het, as 'n skok gekom het. Menigeen het haar geken as 'n aangename, vasberade persoonlikheid, met 'n sonnige natuur, welbekend op kunsuitstallings en uit haar werk in baie huise. Veral in haar vrolike blommestukke, waarvan die Magnolia's wel die bekendste is, het sy baie sukses behaal.



*Sunflowers (Katalogus nr. 149).*

*Katalogus van Stillewens en Portrette*

Die hoofdoel wat met die samestelling van 'n katalogus beoog word, is om die nodige inligting te verstrek vir die bestudering van die betrokke kunstenaar se werk. 'n Katalogus gee, indien dit 'n verteenwoordigende versameling omvat, die geleentheid om die werk uit verskillende periodes, met die oog op ontwikkeling, te ondersoek. Hoe vollediger so 'n katalogus is, hoe meer gevolgtrekkings kan gemaak word.

Dit is egter 'n baie langdurige taak om 'n volledige katalogus van enige kunstenaar se werk op te stel, veral wanneer die kunstenaar nog tot betreklik onlangs gelewe het en die kunstenaar se meeste werke gevolglik nog in privaatbesit is — waar dit natuurlik ook tuishoort! Dit is egter raadsaam om 'n opname van die werk nie te lank uit te stel nie, omdat dikwels,

soos ook in hierdie geval, baie min van die werk nog nie verkoop is nie, en die moontlikheid van groot versamelings nog bestaan.

Hierdie katalogus, waaraan twee jaar gewerk is, kan hoegenaamd geen aanspraak op volledigheid maak nie. Tog is daar voldoende werk in verteenwoordig om dit as die moeite werd te beskou. Deur middel van 'n versoek in alle dagblaaie is aan die publiek gevra om die samesteller op hoogte te bring met Emily Fern se werk, en langs hierdie weg wil ek die betrokke koerante en die publiek vir hulle samewerking bedank.

Die reaksie van die versamelaars was bo verwagting en daar was ook blyke van groot belangstelling. Daar is 'n vraelys uitgestuur waarin breedvoerig verduidelik is wat van die besitter verlang word ten opsigte van besonderhede oor die werk. Hierdie vraelys is betreklik kort en eenvoudig opgestel, omdat die ervaring leer dat sodra so 'n vraelys die indruk van 'n amptelike dokument maak, mense daardeur afgeskrik word en dikwels aarsel om te antwoord.

Uit opmerkings en beskrywings blyk dat die besitters trots op hulle versamelings is en die werke graag gedokumenteer sou wil sien. Slegs aan enkele persone moes 'n tweede vraelys gestuur word, wat daarna egter in feitlik alle gevalle, spoedig beantwoord is. In die vraelys is die naam van die stuk gevra en indien dit onbekend was, 'n beskrywing daarvan. Die beskrywings was oor die algemeen besonder duidelik, veral in die geval van die landskappe was dit afdoende. Waar dieselfde onderwerp egter herhaalde male geskilder is, kan identifikasie bemoeilik word indien sekere fyn besonderhede nie spesiaal vermeld word nie. In so geval kan net 'n professionele beskrywing die toets deurstaan en moet in hierdie gevalle dus maar met ander verstrekte mededelings oor die werk volstaan word, soos die medium en die plasing van die handtekening. Ofskoon in die vraelys die mate van die werk in duime gevra is, vir die gemak van die publiek, verskyn hulle in sentimeters in die katalogus. Dit is gedoen in navolging van die nuwe strewe deur leidinggewende musea om die desimale stelsel as internasionale maatstaf, te gebruik. Alhoewel daar na die grootste noukeurigheid in die samestelling van die katalogus gestrewe is, kan uiteraard van die manier van opname geen honderd persent foutloosheid en volledigheid verwag word nie.

Daar is gevind dat meeste stukke in private besit nie deur die familie verkoop is nie en gewoonlik nog in besit van die oorspronklike eienaar is, of dat dit na 'n ander lid van dieselfde familie oorgegaan het. Die kunswerke van Emily Fern kan in drie groot groepe ingedeel word. Eerstens is daar die groot versameling van mnr. E. J. McLean, Johannesburg, 'n familielid van die skilderes. Hierdie versameling bestaan uit werke wat deur die skilderes aan die familie geskenk is, of wat na haar afsterwe, die familie toegeval het en 'n deel maak van die werk wat Emily in haar ateljee bewaar het. Onder hierdie versameling word sowel werk van die beste asook van swakker gehalte gevind. Die werk wat egter glad nie van standaard was nie, is, op versoek van die skilderes, na haar dood vernietig. 'n Tweede groot versameling is in besit van dr. Silberberg, Kaapstad, 'n

kuns- en antiekhandelaar wat die skilderes goed geken het. Hierdie versameling verteenwoordig o.a. meeste van haar oorsese werk, o.a. ook die skilderye wat in Parys op die *Salon*, en die *Salon des Tuileries* uitgestal was. Die derde groep is in algemene privaat besit, werk wat deur die kunstenares by geleenthede geskenk is, of op uitstalling verkoop is.

*Opname*

| | olie | waterverf | pastel | lino | ets | ander media | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Portrette ...... ...... | 37 | 8 | 3 | 12 | 10 | 2 | 72 |
| Stillewens ...... ...... | 161 | 4 | — | — | 1 | — | 166 |
| Landskappe ...... | 131 | 98 | 1 | — | 20 | 3 | 253 |
| Totaal ...... ...... ...... | 329 | 110 | 4 | 12 | 31 | 5 | 491 |

Die portretwerk bestaan hoofsaaklik uit olieverfstudies van naturelle. Daar verskyn geen portrette van Indiërs in die katalogus nie, hoewel daar tog sulke portrette geskilder is, soos uit korrespondensie blyk. Die portrette in pastel is meestal van familielede van die kunstenares, terwyl die lino's net Bantoestudies is. Ook die etse is, op een of twee uitsonderings na, van familielede en persone in diens van die kunstenares. Amper al die stillewens is blomme en hulle is die grootste groep in die olieverfmedium. Die landskap verteenwoordig 'n verdere groot deel van haar werk, veral olieverwe, maar ook 'n aansienlike aantal waterverwe. Veral onder lg. is daar verskeie geslaagde werke.

Die olieverf is meestal op doek of op harde of sagte karton geskilder. Dit blyk dat sy veral op haar reise voorkeur aan karton gegee het. In later jare is ook *Masonite* (Eng.: hardboard) gebruik. Daar is egter geen onderskeid tussen karton en hierdie materiaal gemaak nie. Die grond onder die kleure is nie altyd baie goed of soms gladnie aangebring nie, waardeur dit partymaal voorkom asof die verf weggetrek het.

Onder waterverf is ook gouache gereken, hoewel in sommige gevalle dit spesiaal genoem word.

Onder *ander media* word verstaan die werke in potlood en inksketse met die pen gedoen. Onder hierdie groep val ook 'n sketsboek in besit van mnr. E. J. McLean, wat egter nie gekatalogiseer is nie. Die sketse is van geboue en mense en het dikwels gedien as 'n voorbereiding vir 'n ets. Die tekentrant is akademies en het weinig persoonlike styl. Die grootte van die boek is ongeveer 20 by 16 cm. en het 'n harde buiteblad. Ook is 'n skets- en skilderboek met blomme van ongeveer 12 by 17 cm. nie in die katalogus vermeld nie. Ook dit is in besit van bogenoemde persoon.

*Verspreiding van die werk*

Behalwe die hierbo genoemde groot versamelings word die meeste werke in die dorpe gevind, waar die kunstenares uitgestal het. Uit sommige adresse blyk dat eienaars ook op ander dorpe woon, maar met 'n mate van sekerheid kan aangeneem word dat hulle eers later daarheen

verhuis het. Die grootste aantal vraelyste is uit Johannesburg, en daarna uit Kaapstad, Pietermaritzburg, Durban, Port Elizabeth, Oos-Londen en Ladysmith ontvang.

Op die vraag in hoeverre die 491 stukke verteenwoordigend van Emily Fern se werk is, kan geantwoord word dat dit vir alle praktiese doeleindes meer as afdoende was. Om 'n presiese getal van al haar werke te noem, is 'n moeilike taak. Ek meen egter te mag aanneem dat ná aftrekking van die vernietigde werke, daar omtrent 'n honderd meer skilderye geskilder is, wat die totaal dan op omtrent 600 te staan bring. Daarby is nie die werk vir studie ingereken nie, wat gewoonlik baie produktief, maar van weinig kwaliteit is.

By die rangskikking van die stukke, is die onderwerpe in drie groepe verdeel: portret- en figuurstudies, die stillewens, en landskappe. Daar is in die media 'n verdere onderskeid gemaak en tenslotte, is die eienaars in alfabetiese volgorde gerangskik, en elke stuk genommer om naslaan en verwysing te vergemaklik. In die eerste deel verskyn slegs die katalogus van stillewens en portrette, terwyl die tweede deel 'n bespreking van die werk gee en 'n katalogus van die orige onderwerpe, en landskappe.

A. *Katalogus van Blom- en ander Stillewens*

(*Let Wel*: Onbekende gegewens is weggelaat, en alle stukke is geteken „Emily I. Fern' behalwe waar anders vermeld word).

*Olieverwe*

1. *Vase of Petunias*: Olieverf. Mev. G. Archer, Kaapstad.
2. *Mixed Flowers*: Madeliefies, Papawers en Delphiniums in bruin beker op 'n tafel. 1949; olie op doek, get. R.O.; 83.8 x 68.6. Mev. Sheila C. Aspoas, Johannesburg.
3. *Pink Hibiscus*: in swart vaas. Olie op karton, get. R.O.; 48.3 x 50.9. Mev. B. M. Bashagen, Isandhlwana, Zoeloeland.
4. *Bossie Kappertjies*. Olieverf; 38.1 x 43.2. Mev. M. Bersma, Nylstroom.
5. *Proteas*: vyf proteas in 'n groot terra-cotta vaas, 'n sesde protea regs van die vaas op die tafel. Links agtergrond blou-groen en regs beige. Olie op doek, get. L.O.; 62.2 x 50.9. Mnr. A. J. Bird, Jhb.
6. *Kappertjies* in vaas met beeldjie aan die linkerkant voor. Olie op karton, get.; 34.3 x 40. Mnr. J. J. C. Blaas, Jhb.
7. *Poppies in vase*: Rooi en drie pers blomme in beige beker met blou ontwerp, 'n koperskottel regs. 1951; olie op doek, get. L.O.; 60.9 x 45.7. Mev. J. K. Bosazza, Jhb.
8. *Chinkerinchees*: in swart vaas. Die raam van die werk is met Bantoe-ontwerpe deur Emily Fern versier. 1945; olie op doek, get. R.O.; 53.3 x 43.2. Id.
9. *Greenish blue bowl of Gallardias*: 1948; olieverf, get. Mev. J. T. Braude, P.E.
10. *Phlox*: Glasvaas met gemengde blomme, veral floksies, wat op 'n riettafel staan met 'n rietstoel daarnaas. Op agtergrond hang 'n skildery van 'n vroulik naak. Olieverf; 66 x 60.9. Mnr. N. Brodie, P.E.
11. *Bunch of yellow flowers in blue bowl*: Olieverf; 21.6 x 25.4. Mev. H. Brown, Jhb.
12. *Hydrangeas*: Vaas met agt blomme op 'n donker gepoleerde tafel. 1944; olie op doek, get. L.O.; 49.5 x 61. Mev. M. Cohen, Jhb.
13. *Green glass vase of Pink Petunias*. 1945; olieverf. Mev. J. Davidson, E.L.
14. *Grey vase with Blue Delphiniums*. 1946; olieverf, get. Id.
15. *Orange bowl of Pansies*. 1946; olieverf, get.; 22.9 x 22.9. A.C. Edwards, P.M.burg.
16. *Vase of Pansies*. 1946; olie op karton, get. R.O.; 21.6 x 22.2. Mev. F. Farber, Jhb.
17. *Round bowl of mixed flowers with green cloth in background*. 1961; olie op karton, get. R.O.; 40.6 x 20.9. Mnr. C. J. Fern, Kaapstad.
18. *White Chrysanthemums in blue vase*. 1946; olie op karton, get. L.O.; 60.9 x 45.7. Mnr. S. Folb, Jhb.
19. *Flowerpiece with silver vase*. Olie op karton, get.; 25.4 x 25.4. Id.

20. *Gemengde blomme*: in groot vaas op blou tafeldoek, met veral delphiniums en St. Josef-lelies. 1947; olie op karton, get.; 60.9 x 50.8. Dr. G. W. Fouché, Vryburg.
21. *Anemones in a vase*. Olie op doek; 35.5 x 35.5. P. H. F. George, Durban.
22. *Bowl of Zinnias*. Olieverf. Mev. O. Goldblatt, Randburg.
23. *Tankard of Petunias*. Olieverf. Id.
24. *Bowl of Red, Mauve and Green Poppies*. 1943; olie op karton, get. R.O.; 53.3 x 58.4. Mev. F. Gordon, Jhb.
25. *Yellow Roses in glass*. 1952; olie op doek, get.; 49.5 x 41.9. R. Gray, Nelspruit.
26. *Peach blossom in jug*. Olie op karton, get.; 62.2 x 52.1. Id.
27. *Mixed flowers*: Kan met gemengde blomme, waaronder dahlias en ander geel en rooi blomme. Olie op doek, get. R.O.; 61 x 43. E. Greenblatt, Jhb.
28. *Pink Roses*: in wit vaas op tafel met blou doek. Olieverf; 49.5 x 38.7. Mev. M. Harison, Durban.
29. *Pear blossoms*: in 'n groen vierkantige vaas gerangskik, wat regs op die hoek van 'n tafel staan, om die vaas lê los blomme. 1949; olie op karton, get.; 41.3 x 34.3 C. J. C. Hewitt, Jhb.
30. *Chrysanthemum and Green Peas*: Vaas met krisante, daarvoor 'n bordjie met groen ertjies. 1945; olieverf; get.; 58.4 x 53.3. Mev. K. Hodge, Jhb.
31. *Blomstillewe*: Rooi blomme in groen, langwerpige vaas, met ornament van olifantjie met asbak op die rug daarvoor, in die agtergrond 'n Bantoestudie teen die muur. 1932; olie op karton, get. L.O.; 61.5 x 45.5. Indiese skool, Jhb.
32. *Pomegranates*. 1943; olie op karton, get. L.O.; 52.1 x 60.9. C. R. Jacobs, Germiston.
33. *Yellow Daisies*: Geel blomme in gemmerpot met pienk draperie in die agtergrond. 1945; olie op doek, get. L.O.; 38.1 x 48.3. Mev. R. Jordan, Jhb.
34. *Zinnias*. Olieverf; 25.4 x 25.3. A. Kempel, Pret.
35. *Yellow-cream Roses*. 1911; olie op karton, get.; 35 x 22.9. A. E. Kewley, Witbank.
36. *Roses*. 1947; olie op doek, get. R.O.; 33 x 38.1. Mev. R. Kirchbaum, Jhb.
37. *Mixed flowers in a pot*. Olieverf. Dr. D. C. Krige, Middelburg, Tvl.
38. *Hydrangeas*. Olieverf; 61 x 76. G. A. V. Lawrence, Jhb.
39. *Sunflowers*. 1944; olie op karton, get. L.O.; 61 x 57.1. Mev. C. Lord, Jhb.
40. *Calendulas arranged in brown bowl*. 1947; olie op karton, get. L.O.; 39.4 x 49.5. Mev. E. Marais, Vrede, O.V.S.
41. *Magnolias*: waarvan twee in bloei en een in knop met blare in silwervaas op ronde metaalskinkbord. 1946; olie op doek, get. R.O.; 45.7 x 53.3. Mev. B. Marine, Jhb.
42. *Dahlias and Fruit*: Langwerpige bruin vaas met rooi-bruin blomme en regs daarvan wit skottel met vrugte met o.a. druiwe. Beige en groen gestreepte draperie in agtergrond. 1951; olie op doek, get. R.O.; 45.6 x 56. Mev. J. E. McLean, Jhb.
43. *Magnolias*: in blou-pers peervormige vaas op tafel met rooi doek. 1951; olie op doek, get. R.O.; 51 x 61. Id.
44. *White Roses*: in glasvaas op tafel met donkergroen in agtergrond. 1944; olie op doek, get. R.O.; 58.7 x 63.4. Id.
45. *Yellow Roses*: in ligbruin bierbeker op ronde geel matjie met rooi rand. 1952; olie op karton, get. R.O.; 33 x 40. Id.
46. *Red Dahlias*: in grys vaas links met regs 'n geel skinkbord. 1948; olieverf, get. L.O.; 44 x 51.7. Id.
47. *Anemones*: in glasbakkie met rooi-swart bord daaragter. 1950; olie op doek, get. R.O.; 35 x 31. Id.
48. *Stillewe*: bestaande uit tafel met wit doek, waarop groen bottel en links daarvan 'n drinkglas, daarvoor 'n rooi sigaretdosie, regs 'n papiersak met kersies staan. 1949; olie op karton, get. R.O.; 50.5 x 40.5. Id.
49. *Zinnias in green vase*. 1944; olie op karton, get.; 50.9 x 45.7. Id.
50. *Calendulas*: in bruin vaas op 'n tafel met drie links op tafel. Olie op karton, get. R.O.; 50.5 x 60.5. Id.
51. *Mixed flowers*: Vaas in die vorm van 'n gesig met gemengde blomme, regs daarvan 'n grys vasie met geel blomme en venster op agtergrond. Olie op papier, get. R.O.; 41 x 50.6. Id.
52. *Binnehof wild flowers*: Glasvaas met gemengde blomme, met o.a. lelies, op klipplaat. 1953; olie op karton, get. R.O.; 50.7 x 41. Id.
53. *Stillewe met Dahlias en druiwe*: Op tafel, links druiwe in mandjie en regs kafferpot met dahlias en vrugte daarvoor. Olie op doek, get. L.O.; 60.8 x 75.5. Id.

54. *White Lilies*: in wit vaas op tafel met groen. Olie op doek, get. R.O.; 66 x 60.5. Id.
55. *Apples*: voor 'n vaas op 'n tafel met blou draperie in agtergrond en op die tafel rustend. 1949; olie op doek, get. L.B.; 34.3 x 33. Id.
56. *Poppies*: in 'n vaas op tafel met groen draperie. 1950; olie op karton, get. R.O.; 40.6 x 50. Id.
57. *Marigolds*: in grys vaas op 'n tafel. 1952; olie op karton, get. R.O.; 40.5 x 45.4. Id.
58. *Turksvye*: Ronde tafel met geruite doek; regs koperkan met twee asters en links daarvan 'n bord met vier turksvye, en twee los daarvoor. Olie op karton, get.: Fern, R.O.; 45 x 50.5. Id.
59. *Cornflowers in glass vase on round table.* 1949; olie op karton, get. R.O.; 40.5 x 50. Id.
60. *Sunflowers*: in vaas op tafel met verder regs daarvan ronde skottel met vrugte en rooidoek en skinkbord in agtergrond. 1953; olie op karton, get. R.O.; 51 x 61. Id.
61. *Sunflowers*: in groen vaas op tafel met rooi-bruin loper, gestreepte doek in agtergrond. Olie op karton, get. L.O.; 51.5 x 50.9. Id.
62. *Mixed flowers*: waaronder lelies in groen gemmerpot op reghoekige riettafel. 1923; olie op doek, get. R.O.; 49 x 39. Id.
63. *Mixed flowers*: met o.a. drie margriete, in balvormige vaas met touvlegsels, op tafel met rietblad. Olie op karton, ongeteken; 51 x 40. Id.
64. *The Eucalyptus*: Bloekomboombloeisels en ander in wit emaljekan. 1952; olie op karton, get. R.O.; 40.5 x 50.5. Id.
65. *Dahlias*: ligbruin in grys vaas op 'n tafel met geel ronde kleedjie daaronder. 1947; olie op karton, met paletmes geskilder, get. L.O.; 40.2 x 50.1. Id.
66. *Mixer flowers*: waaronder Barbertonse madeliefies en angelier, in peervormige grou vaas op 'n donker blad. 1950; olie op karton, get. R.O.; 36 x 41. Id.
67. *Roses*: Wit, pienk en rooi rose in metaal bierbeker op ronde riettafel waarop geruite tafeldoek. Regs bruin laaikas in agtergrond met vaas daarop. 1946; olie op karton, get. L.O.; 56 x 60.4. Id.
68. *Apples*: op plat skottel met twee daarvoor op 'n tafel; skildery op agtergrond met draperie wat op skaal afhang. 1950; olie op karton, get. R.O.; 35.9 x 40.9. Id.
69. *Sunflowers*: in grys vaas met touvlegsel; donker agtergrond. 1952; olie op karton, get. R.O.; 42 x 41.4. Id.
70. *Zinnias*: in grys vaas op matjie met geel en rooi rand. Regs 'n piering. 1950; olie op karton, get. L.O.; 41 x 50.4. Id.
71. *Cosmos*: in metaal bierbeker; link in voorgrond twee ornamentjies, voorstellende 'n man en 'n vrou. Olie op karton, get. L.O.; 50.5 x 40. Id.
72. *Chrysanthemum*: in koperkan op ronde tafel, waarop verder groen en oranje boek in voorgrond. 1946; olie op doek, get. L.O.; 43 x 61. Id.
73. *Protea (Suikerbossie)*: in bruin kan op ronde tafel. 1951; olie op karton, get. R.O.; 36 x 51.5. Id.
74. *Mixed flowers*: waaronder jakopregops, in blougrys erdewerk beker op ronde tafel met rooi-bruin loper. 1950; olie op karton, get. R.O.; 36.5 x 41.4. Id.
75. *Red Roses*: in glas op 'n tafel met gestreepte draperie links. 1951; olie op karton, get. R.O.; 51 x 40.5. Id.
76. *Sunflowers*: in donker vaas op tafel met gestreepte doek. 1944; olie op karton, get. L.O.; 65.7 x 76.2. Id.
77. *Magnolias*: Drie oop en een in knop, in grys balvormige vaas op tafel. Weerskante van die vaas lê blomsaad. 1950; olie op doek, get. R.O.; 40.9 x 51. Id.
78. *Daisies in drinking glass.* 1951; olie op doek, get.; 48.5 x 32.6. Id.
79. *Roses*: Rooi, pienk en geel rose in balvormige glasvaas op 'n ronde riettafel met rooi-bruin loper. 1945; olie op doek, get. R.O.; 53 x 63. Id.
80. *Mixed flowers*: waaronder pers irisse en lelies in grys balvormige vaas met touvlegsels, op 'n tafel met 'n groen doek en regs 'n skulp en boek daaragter. 1947; olie op doek, get. R.O.; 60 x 66. Id.
81. *Zinnias*: in grys balvormige vaas met touvlegsels. Olie op karton, get. R.O.; 56 x 50.9. Id.
82. *Viooltjies*: in kakiekleurige beker. 1947; olie op karton, get. R.O.; 21.3 x 20.2. Id.
83. *Mixed flowers*: waaronder geraniums, in langwerpige beige vaas op tafel, verder blomme daarlangs op stoel met groen doek. 1952; olie op karton, get. R.O.; 60.8 x 50.5. Id.
84. *Chincherinchees*: in groen vaas op tafel met wit doek met rooi versiersels. 1945; olie op doek, get. L.O.; 50.5 x 40.2. Id.

85. *Bobbejaan Appeltjies*: in metaalkleurige bierbeker. Olie op laaghout, ongeteken; 58.5 x 38. Id.
86. *Zinnias*: in bruin vaas op stoel en in agtergrond regs bo uitsig na buite. 1948; olie op karton, get. L.O.; 61 x 51. Id.
87. *Grapes*: stillewe op rooi en wit gestreepte doek met strepe na vore. Regs glasbottel in blou en wit mandjie; links groen glas met wit bord waarop blou en wit druiwe. Olie op doek, get. R.O.; 45.5 x 50.2. Id.
88. *Snap Dragons*: in bruin bolvormige vaas met bruin draperie links en agter die vaas. 1947; olie op karton, get. R.O.; 45.5 x 51.2. Id.
89. *Gallardia*: in langwerpige bruin vaas op 'n tafel met drie los blomme daarvoor. 1945; olie op karton, get. L.O.; 50.8 x 44. Id.
90. *Delphiniums and Carnations*: in balvormige glasvaas, links skottel met vrugte, waaronder druiwe. Links bo vaas op 'n kassie. 1951; olie op doek, get. R.O.; 50 x 60.5. Id.
91. *Barberton Daisies, Zinnias and Delphiniums*: in balvormige groen vaas op geel matjie met pers en geel randmotief. 1950; olie op doek, get. R.O.; 35.3 x 40.7. Id.
92. *Allows*: in wit en geel vaas op groen doek. 1951; olie op karton, get. R.O.; 58 x 38. Id.
93. *Dahlias*: in ligbruin vaas op tafel met wit doek en groep draperie regs. Ligbruin agtergrond. 1948; olie op karton, get. L.O.; 60.5 x 56.2. Id.
94. *Japonica*: in groen vaas met drie appels daarvoor, regs 'n oopstaande boek, alles op ronde tafel. Olie op karton, get. R.B.; 50.5 x 40.5. Id.
95. *Hydrangea*: Blou en rooi blomme in oker vaas op tafel met dieselfde kleur. 1952; olie op karton, get. R.O.; 46 x 51.3. Id.
96. *Magnolias*: op tafel met rooi loper. 1946; olie op doek, get. R.O.; 45.7 x 66. Id.
97. *Nuwejaar*: Tafel met wit kleedjie en skottel met twee kreefte daarop en 'n stukkie komkommer en slaai. Geel vrugte na regs. 1952; olie op doek, get.; 40.6 x 51. Id.
98. *Calendulas*: in balvormige vaas op 'n tafel en spieël links bo in agtergrond. 1947; olie op karton, get. L.O.; 40.5 x 51. Id.
99. *Magnolias*: Drie in bloei en een knop in hoë wit vaas. Olie op doek, get. R.O.; 61.3 x 50.9. Id.
100. *Hybrid*: Oranje blomme in liggroen vaas met 'n peervorm; regs op tafel enkele afgevalle blomblare. 1945; olie op doek, get. L.O.; 50.8 x 41.2. Id.
101. *Stocks*: in bruin erdewerk kan met handvatsel na regs; regs daarvan bakkie met appels. 1951; olie op karton, get. R.O.; 50.5 x 60.5. Id.
102. *Hydrangea*: Vyf blomme in hoë beige vaas op tafel met 'n rooi doek wat diagonaal daaroor lê. Olie op karton, get. R.O.; 52 x 60. Id.
103. *Magnolias*: in ronde bruin vaas op 'n tafel met wit en rooi gestreepte doek. Olie op doek, get.; 51 x 61. Id.
104. *Carnations*: Vyf pienk blomme in metaal vaas met draperie links en rooi en wit gestreepte doek in agtergrond. Olie op karton, get. R.O.; 33.5 x 33.5. Id.
105. *Perskes*: in ronde skottel met links 'n hasie-ornament. 1934; olie op papier, ongeteken; 33 x 24. Afkomstig uit 'n sketsboek waarin o.a. ook selfportret is. Id.
106. *Granaatappels*: Drie granaatappels met takke en blare in ovaal swart vaas; geel ronde bord daaragter en links 'n rooi doek. 1950; olie op doek, get. R.O.; 56 x 65. Id.
107. *Granaatappels*: op tafel met wit geruite doek twee granaatappels op 'n bord en 'n halwe vrug daarlangs op tafel. Olie op karton, get. R.B.; 31 x 47.5. Id.
108. *Pinks*: in metaal bierbeker op tafel met groen draperie links. 1951; olie op karton, get. R.O.; 40.5 x 45.5. Id.
109. *Granaatappels*. 1925?; olie op karton, get.: 31 x 47.5. Id.
110. *New Year*: Skottel waarop twee kreefte met slaaiblare, 'n tamatie en halwe komkommer; daarlangs 'n suurlemoen. Alles op 'n wit tafeldoek. Op Nuwejaarsdag in Kaapstad geskilder; olie op karton, get. R.O.; 41 x 51. Id.
111. *Magnolias*: Drie blomme. Olie op doek, get.; 46 x 66. Id.
112. *Pomegranates*. Olie op doek, get. L.O.; 66 x 61. Mev. M. Meintjies, Jhb.
113. *Proteas*. 1945; olie op doek, get. L.O.; 50.9 x 61. Mnr. M. R. Nicholson, Umtali, S. Rhodesië.
114. *Vase of white Daisies*. Olie op doek, get. R.O.; 36.8 x 44.5. Mev. O'Neill, Durban.
115. *Yellow Roses in a mug*. 1950; olieverf, get. Mnr. J. Orkin, Jhb.
116. *Vaas met blomme*: Balvormige vaas op ronde tafel met blou-pers blomme, petunias of koringblomme?. Olie op karton, get. R.O.; 24.1 x 34.3. Dr. J. P. Roux, Pret.

117. *Tiger Lilies.* Olie op doek, get. R.O.; 50.8 x 47. Mev. J. Sergay, Jhb.
118. *Roses in green vase.* 1946; olie op doek, get. R.O.; 61 x 61. Dr. Silberberg, Kaapstad.
119. *Fruit*: Regs swart houtfiguurtjie, links agter mandjie met druiwe, en appels in die voorgrond. Olieverf, get. R.O.; 44.5 x 53.3. Id.
120. *Mixed bunch of flowers in front of window.* 1953; olie op karton, get. R.O.; 40.6 x 50.8. Id.
121. *Escholzia.* Olie op karton, get. R.O.; 35.6 x 45.7. Id.
122. *Mixed flowers in brown earthenware bottle*: met groen appels in voorgrond. Olieverf, get. B.R.; 45.7 x 38.1. Id.
123. *Phlox in a vase.* 1950; olie op karton, get. R.O.; 35.5 x 50.8. Id.
124. *Goudgeel Asters in bruin vaas.* Olie op karton, get. L.O.; 50.8 x 45.7. Id.
125. *Mauve Asters,* 1947; olie op karton, get. R.O.; 33 x 49.5. Id.
126. *Narcissus.* 1950; olie op karton, get. R.O.; 30.5 x 25.4. Id.
127. *White Daisies.* Olie op karton, get.: Fern, R.O.; 40.6 x 50.8. Id.
128. *White Chrysanthemums.* 1951; olie op karton, get. R.O.; 40.6 x 45.7. Id.
129. *Apples*: Stillewe met appels en 'n pamflet links agter. Olie op doek, get. L.O.; 30.5 x 45.7. Id.
130. *Anemones.* Olie op karton, get. R.O.; 41 x 50. Id.
131. *Marine still-life with shells and boat in background.* 1934; olie op papier, get. L.B.; 27.7 x 37.5. Id.
132. *Dahlias in black bowl.* 1944; olie op karton, get. R.O.; 31 x 37.5. Id.
133. *Kafferboom flowers in dark blue vase.* Olie op papier, get. L.O. Id.
134. *Arum Lilies.* Olie op doek, get. L.O.; 30 x 26. Id.
135. *Asters in clear glass bottle.* 1945; olie op karton, get. L.O.; 39.4 x 50.8. Id.
136. *Proteas in white vase.* 1934; olie op karton, get. R.O.; 50.8 x 63.5. Id.
137. *Giant Phlox.* Olie op karton, get. R.O.; 53.3 x 58.4. Id.
138. Dahlias: Brons en donkerrooi Dahlias in 'n terracotta erderwerk vaas en 'n swart draperie daaragter. 1945; olie op doek, get. L.O.; 38.1 x 60.9. Prof. C. Smit, Pret.
139. *Bright Yellow Dahlias.* 1916; olieverf, get.; 60.9 x 22.9. B. C. Smith, Durban.
140. *Dark maroon Dahlias.* 1916; olieverf, get.; 60.9 x 22.9. Id.
141. *Madonna Lilies.* 1937; olieverf, get.; 63.5 x 50.8. Mej. E. Smith, Jhb.
142. *Coriopsis*: Geel madeliefie-agtige blomme in 'n ronde blou vaas. Olie op doek, get. R.O.; 45.7 x 40. Mev. B. Stacey, Jhb.
143. *Proteas.* 1943; olie op doek, get. R.O.; 58.4 x 68.5. W. G. G. Still, Jhb.
144. *Daisies.* 1945; olie op doek, get. R.O.; 39.4 x 39.4. Id.
145. *Anemones*: 1949; olie op karton, get. R.O.; 48.3 x 47. Id
146. *A bowl of flowers.* Olieverf; 55.9 x 45.7. Dr. J. Stolp, Durban.
147. *Mixed flowers*: Angeliere en ander rooi, blou en wit blomme in 'n vaas op 'n grys gestreepte tafeldoek; rooi gestreepte draperie in agtergrond. 1947; olie op doek, get. L.O.; 38.1 x 50.8. S. Victor, Jhb.
148. *Magnolias in vase.* Olieverf; 66 x 73.7. Dr. A. E. Strawbaum, Jhb.
149. *Sunflowers.* Olie op karton, get. R.O.; 60.9 x 50.8. S.A. Nas. Kunsmuseum, Kaapstad.
150. *Roses in vase.* Olie op doek, get.; 47 x 21.5. A. S. Tomsett, Jhb.
151. *Yellow Daisies.* Olie op doek, get. R.O.; 33 x 35.6. Mev. J. Treloar, Durban.
152. *Bowl of Pansies.* Olie op karton, get.; 29.2 x 45.7. Mev. E. Trollip, Klerksdorp.
153. *Magnolias.* 1950?; olie op karton, get.; 41.9 x 50.8. Id.
154. *Sunflowers in brown vase.* Olieverf, get. R.O.; 40.6 x 38.1. H.E.D. Vallance, Kaapstad.
155. *Bowl of mixed flowers.* Olie op doek, get.; 64.8 x 58.7. Mev. M. M. Vincent, Jhb.
156. *Bowl of Chrysanthemums.* 1942; olie op doek, get. R.O.; 64.8 x 58.7. Id.
157. *Vase of Thistles?.* 1949; olie op doek, get. R.O.; 60.9 x 50.8. J. E. Walsh, Durban.
158. *Tulips.* 1950; olie op karton, get. R.B.; 40 x 56.5. C. W. Welsh, Jhb.
159. *Pink and cream Roses in clear green glass bowl.* 1944; olie op doek, get. L.O.; 55.9 x 63.5. J. S. Whitburn, Brakpan.
160. *Bowl of Roses.* 1952; olieverf, get.; 38.7 x 48.9. Mev. C. J. Witby, Durban.
161. *Red and orange Pontsettias in blue glass vase.* Olie op doek, get. R.O.; 55.9 x 45.7. Mev. B. Zacks, Jhb.

*Waterverwe*

162. *Mixed flowers*: waaronder Floksies in glas op ligblou ondergrond. Get. R.O. 36 x 44.5. Mev. J. E. McLean, Jhb.

163. *Mixed flowers in glass vase.* 1945; get. R.O.; 43.2 x 36.8. Dr. Silberberg, Kaapstad.
164. *Gemengde blomme in blou Gemmerpot.* Get. L.O.; 36.2 x 33. Id.
165. *Mixed flowers in green tin.* Get.; 35.6 x 25.4. Id.

*Etse*

166. *Stillewe met voorwerpe*: na links diagonaal geplaas, in die agtergrond 'n blik en bottel en in voorgrond 'n boek en 'n asbak opmekaar. Ets, ink op plaat gerol; get.: E. I. Fern, R.O.; 8.1 x 5. Mev. J. E. McLean, Jhb.

B. *Katalogus van Portrette*

*Olieverwe*

167. *Native head against Kraals.* 1945; olie op karton, get.; 36.8 x 47. Mev. R. Gray, Nelspruit.
168. *Native head.* 1952; olie op doek, get.; 36.8 x 47. Id.
169. *Native head.* Olieverf, get.; 38.1 x 34.3. Mev. V. Gutstein, Pret.
170. *Head of a Native woman*, with a knife stuck in the headgear. Olie op doek, get. L.O.; 47 x 36.8. Mev. S. N. Javett, Jhb.
171. *Native bust*: Baadjie, rooi nekdoek, hoed met veer en baard. 1932; olie op karton, get. L.O.; 58.4 x 44.5. Mev. C. Kessel, Jhb.
172. *Empire.* 1911; olie op doek; 35.6 x 22.8. Mev. A. E. Kewley, Witbank.
173. *Head of an African.* Olie op karton, get. L.O.; 31.7 x 24.1. Mev. E. Levey, Jhb.
174. *Portrait of blond woman*: Kop en skouers van jong blonde vrou in pienk aandrok met mantel met bont kraag om die skouers. 1907; olie op doek, get. L.O.; 63.5 x 48.9. Mev. Z. Lipschitz, Jhb.
175. *Native head with feathered headdress.* 1931; olie op doek,, get. L.O.; 60.9 x 45.7. D. E. C. Mallinson, Lyttelton.
176. *Nude*: Vroulike naak, driekwart voluit, sit op 'n bed, na die toeskouer gekeer en steun op die linker arm. 1934; olie op doek, get. R.B.; 50.2 x 61. Uitgestal op: *Salon de Paris* en *Salon de Tuileries* 1934 en *Royal Cambrian Academy* 1931-34. Mev. J. E. McLean, Jhb.
177. *Selfportret van die kunstenares.* 1934; olie op papier,in sketsboek van die skilderes, ongeteken; 37 x 27.5. Id.
178. *Aunty's hat*: Portret van 'n dogter met breërand hoed op en geklee in swart en groen truitjie. 1950; olie op doek, get. R.O.; 45.5 x 40. Id.
179. *Portret van twee Kleurlingmeidjies.* Olie op karton, get. R.O.; 44.5 x 31.9. Id.
180. *Bantoe-portret*: Kop en skouers van 'n Bantoe. Kop met baard en tropehelmet met ystervarkpenne daarin, verder geklee in kakiehemp. Olie op karton, get. R.O.; 50.5 x 35.4. Id.
181. *Portret van Bantoe*: Kop en skouers van 'n Bantoe, geklee in wit hemp, das, blou trui en baadjie. 1944; olie op doek, get. L.O.; 35.4 x 25. Id.
182. *Iona*: Kop en skouers van 'n dogter. Geklee in wit rokkie met blom borduursel en 'n blou strik in die hare. 1947; olie op doek, get. L.B.; 46.4 x 40.6. Id.
183. *Meidjie*: Kop en skouers van Bantoemeidjie met string krale in rooi, wit en blou om die nek en drie ysterpenne in die hare. 1945; olie op doek, get. R.O.; 45.5 x 35. Id.
184. *Female reading newspaper*: Sittende vrou in rooi rok, wat koerant lees voor oop venster met stadsgesig; agter haar vaas met wit blomme op blou tafel. Olie op doek, get. 53.3 x 43. Id.
185. *Portrait of a Bantu*: Gesig na links, oopnek hemp, bruin agtergrond met wit agter die kop. 1945; olie op doek, get. R.O.; 50.3 x 40. Id.
186. *Bantoeportret*: Rooi doek om kop, in wit hemp geklee. Olie op karton, get. R.O.; 40 x 35.4. Id.
187. *Bantoemeidjie*: Kop en skouers, een rooi, een blou en twee wit ringe om nek, en rooi, blou en geel kombers om skouers. In die agtergrond versierde muur van hut. 1952; olie op doek, get. R.O.; 50.5 x 40.5. Id.
188. *Portret van kunstenares se vader*: Olie op doek; 77 x 61. Id., nou in bruikleen in Africana Museum, Jhb.
189. *Native girl in front of hut*: Bolyf Bantoevrou, teen agtergrond van hut. Olie op doek, get.; 51 x 41. Id.
190. *Liggende vroulike naak*: ewewydig met raam en op kussings. Olie op papier, get.

R.O.; 27.5 x 37.4. Dr. Silberberg, Kaapstad.

191. *Sittende naak*: met landskap in agtergrond. Olie op doek, get. R.O.; 65.5 x 49. Id.
192. *Portret van 'n dame*: met gesig na links gekeer en linker elmboog onder gesig. Olie op doek, get. R.O.; 27.6 x 37.4. Id.
193. *Nude on divan*: Sittende vroulike naak op 'n divan na links gekeer. 1934; olie op doek, get.; 55.9 x 38.1. Id.
194. *Portrait of woman facing left*. Olie op karton, get. R.O.; 45.7 x 38.1. Id.
195. *Blonde nude*: Sittende vroulike naak van voor na regs gekeer. Olie op papier, get. L.B.; 38.1 x 25.4. Id.
196. *Nude*: Sittende vroulike naak met die linker arm om die linker been geslaan, na vore gekeer. 1934; olie op doek, get. R.O. Uitgestal op: *Salon de Paris* en *Salon des Tuileries* 1934. Id.
197. *Portret van vrou*: *en face* met linkerarm as steun onder die kop. Olie op papier, get. R.O.; 27.6 x 37.4. Id.
198. *Portrait of a woman*. 1934; olie op doek, get. L.O.; 65 x 50. Uitgestal: *Salon de Tuileries* 1934. Id.
199. *Vroue portret*: met bruin mantel en hoed. 1934; olie op doek, get. R.O.; 64.8 x 53.3. Uitgestal: *Salon de Paris* en *Salon des Tuileries*, 1934. Id.
200. *Portret van 'n vrou*. 1934; olie op doek, get. R.O.; 65 x 54. Uitgestal: *Salon de Paris*, 1934. Id.
201. *Head of native girl*. Olie op papier, get. R.O.; 27.9 x 21.6. Id.
202. *Colliedog's head*. 1915; olie op hout skild, get.: E. Fern; diameter 35.5. A. Tomsett, Jhb.
203. *Sheepdog's head*. 1915; olie op hout skild, get.: E. Fern; diameter 35.5. Id.

*Waterverwe*

204. *Zuluwoman*: Kop en skouers. 1938?; waterverf en olie op karton, get. R.O.; 30.5 x 22.9. L. J. Cooper, Jhb.
205. *Peter the dog*: Portret van hondekop met band om die nek. Get. R.O.; 30.5 x 23. Mev. J. E. McLean, Jhb.
206. *Zoeloe meidjie*: Gesig en skouers, van die linker skouer hang 'n kleed en om die nek 'n string krale met wit reghoekige ornament daaraan. Get. R.O.; 33.6 x 25.3. Id.
207. *Pondo meidjie*: Kop en skouers, om die kop is 'n doek en van die regter skouer hang 'n kledingstuk; om die nek 'n string met speelkaarte daaraan. Get. R.O.; 29 x 22.6. Id.
208. *A Pondo*: Kop en skouers, pyp in die mond en rooi-bruin kombers om die skouers geslaan; pienk doek om kop gebind. Get. R.O.; 28.3 x 22.4. Id.
209. *African Head*: Get.: 27.9 x 20.3. Mev. S. W. Storey, Rosebank, Kaap.
210. *Native head*: Get.: 35.6 x 24.1. Mev. E. Trollip, Klerksdorp.
211. *Susan*: 'n Kleurlingmeidjie in diens van mej. Fern toe sy in Ladysmith gewerk het. Get.; 35.6 x 25.2. Mev. M. M. Vincent, Jhb.

*Pastelle*

212. *Native head*: Die Umfaan wat die kunstenares se suster se kinders op die plaas opgepas het. Mev. H. K. Hughes, Doonside, Natal.
213. *Iona*: Kop van baba met bruin hare en pienk kraag om die nek. Get. R.O.; 27 x 23. Mev. J. E. McLean, Jhb.
214. *Portret van Anthony D. Silberberg*: ongeveer 4 jaar oud. Get. R.O.; 36.8 x 29.2. Dr. Silberberg, Kaapstad.

*Linosneë*

215. *A Zulu girl*: Kop en skouer van 'n meidjie met langwerpige hoofdeksel, teen agtergrond van berglandskap, gesig na regs gekeer en hanger van krale om die nek, waarvan twee reghoekig. Ongeteken; 15.3 x 10.3. Mev. J. E. McLean, Jhb.
216. *Pondo woman*: Kop en skouers kwartslag na regs gekeer, met prominente hoofdeksel en pyp. Ongeteken; 22.1 x 14.2; 45 afdrukke. Id.
217. *A Zulu girl*: Kop en skouers van meidjie met kokervormige hoofdeksel wat links bo uit die prent lei, kop na links en oor linker skouer hang kleed. Ongeteken; 15.2 x 10.1. Id.

218. *In Zululand*: Meidjie wat op die grond voor twee hutte sit, steunend op die regter arm. Links van haar 'n erdewerk pot. Ongeteken; 22.3 x 18. Id.
219. *Zulu girl*: Kop en kaal skouers van meidjie, op die kop 'n langwerpige hoofdeksel. Gesig na links en vier vertikale kontrasstrepe agter regter skouer. Ongeteken; 10.5 x 8.4; 30 afdrukke. Id.
220. *A Pondo*: Portret van 'n naturel met lang geboë pyp in die mond, gesig en skouers na regs gekeer. In die oor 'n ring en op die kop 'n tot 'n rol gedraaide kopdoek. Ongeteken; 19.5 x 14.2; 35 afdrukke. Id.
221. *Mother, Baby*: Sygesig van Naturellemoeder in kombers gehul en met 'n kind op die rug, die onderkleding is onder kombers sigbaar en horisontaal gestreep. Ongeteken; 22 x 11.3; 24 afdrukke. Id.
222. *Bantoevrou*: met ontblote bolyf, driekwart voluit, met kind op die rug en staande in die veld met 'n plaashuis links en berge in die agtergrond. Ongeteken; 12.7 x 7.4. Id.
223. *Portret van Naturel met slaprand hoed*: 'n jas en nekdoek teen 'n agtergrond van 'n skagtoring links en 'n huis regs. Get.: E. I. Fern; 10.7 x 8.3. Id.
224. *Zulu girl*: Na links bewegende meidjie, driekwart voluit, met kaal bolyf en langwerpige hooftooisel, teen agtergrond van berglandskap. Ongeteken; 19 x 10.8; 50 afdrukke. Id.
225. *Woman with pumpkin*: Get.; 17.8 x 10.8. Dr. Silberberg, Kaapstad.
226. *Native girls* teen agtergrond van landskap. Get.; 19 x 11.4; afdruk: 9/40. Mnr. M. Schoonraad, Pret.

*Etse*

227. *The Charcoal carrier*. Get.; 25.1 x 17.5. Dr. Silberberg, Kaapstad.
228. *Riksha boy*. Get.; 20.3 x 15.2. E. P. Beynon, Hermanus, Kaap.
229. *David, the gardener*. Get.; 31.8 x 17.8. Dr. P. H. Guise-Brown, Magaliesburg.
230. *The Musician*: Musiekspeler met fluit en breë randhoed op die kop, naturel? Get.; 10.2 x 7.6. Mev. J. E. McLean, Jhb.
231. *Naak*: Vroulike naak, half voluit, 'n kwart na links gedraai, met lang vlegsels op die kop. Get.; 13.5 x 10.3. Id.
232. *Vader van die kunstenares*: Vooraansig van sittende mansfiguur met snor, regter hand, à la Napoleon, in onderbaadjie gesteek. Ongeteken; 17 x 11.3. Id.
233. *Portret van lesende man*: Met bril op en van die kant gesien, in 'n leunstoel, met regs bo die interieur van 'n ander kamer sigbaar. Ongeteken; 12.8 x 15.5. Id.
234. *Standing Native with pipe*. Geteken; 21.3 x 14.6. Dr. Silberberg, Kaapstad.
235. *Dick*: Bantoekop. Geteken; 20.3 x 14.9. Id.
236. *Titani*: Bantoekop. Get.; 15.2 x 10.2. Id.

*Ander media*

237. *Sister of the artist*: bust. April, 1913; houtskool, get.; 58.5 x 45.5. Mev. J. E. McLean, Jhb.
238. *The Chaircoal carrier* (Lorenco Marques): Fris geboude Bantoevrou met bos takke op die kop en 'n baba aan die bors. Pen en ink, get.; 25.4 x 12.7. C. Christie-Taylor, Jhb.

E. P. Engel

*Lys van afkortings gebruik*:

E.L. — Oos-Londen; get. — geteken; Jhb. — Johannesburg; L.B. — links bo; L.O. — links onder; O.V.S. — Oranje-Vrystaat; P.E. — Port Elizabeth; P.M.burg — Pietermaritzburg; Pret. — Pretoria; R.B. — regs bo; R.O. — regs onder; Tvl. — Transvaal.